Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, February 25, 2021
Page: 27

LBW | RUBRIEK **GELDBEPLANNING** JOHAN BRANDT



# Die doel van spesiale trusts

In 'n vorige rubriek oor demensie is die kwessie van volmag bespreek, wat onvoldoende kan wees indien dit nie betyds gereël word nie. As 'n oplossing is die gebruik van spesiale trusts aangeraak. Die bepalings word hier bespreek.

Spesiale trusts is doodgewone inter vivos- (in lewe) trusts wat opgerig word deur middel van 'n ooreenkoms tussen die oprigter en die trustees ten behoewe van 'n begunstigde. Die groot verskil is dat slegs een begunstigde lewenslank voordele kan ontvang vanuit die trustbates. Die trustees se diskresie word dan ook beperk sodat geen ander persoon voordele mag ontvang nie.

Die akte bepaal wie, by die afsterwe van die begunstigde, nuwe begunstigdes kan word. Indien die nuwe begunstigdes nie voldoen aan die definisie van ongeskiktheid nie, sal die trust sy spesiale truststatus verloor. Die onus rus op die trustees om die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) in te lig as die omstandighede dermate verander dat die trust nie meer as 'n spesiale trust beskou word nie.

Die opvolgende begunstigdes kan byvoorbeeld trust(s) wees van die uitgebreide familie of die langslewende van 'n ouerpaar.

Die oprigter kan tipies die potensiële lyer wees en die trustees 'n kind of twee. Dit is raadsaam om ook 'n onafhanklike persoon as trustee aan te wys. Die wet bepaal nie hoeveel trustees daar moet wees nie, maar daar moet onafhanklikheid wees wat die besluitneming en die toestaan van voordele betref. In 'n spesiale trust is dit egter nie relevant nie omdat die trustees net vir die begunstigde soos aangewys van voordele mag voorsien.

Die belangrikheid van 'n onafhanklike trustee kom egter na vore as beleggings gemaak moet word. Ten einde beskuldigings van ander familielede te voorkom, word 'n derde, onafhanklike trustee aanbeveel. Trustmaatskappye lewer dié diens teen 'n tarief.

Die trust word geregistreer as 'n gewone trust en wanneer die begunstigde gediagnoseer word met ongeskiktheid soos hieronder uiteengesit, word die trust, met die nodige bewyslas wat by die trustees lê, as 'n spesiale trust by die SAID geregistreer.

Die wet defineer 'n spesiale trust as: "A trust created solely for the benefit of one or more persons who is or are persons with a disability as defined in section 68(1) where such disability incapacitates such person or persons from earning sufficient income for their maintenance or from managing their own affairs." Hierdie definisie is wyd en maak die gebruik hiervan maklik vir die versorging van gestremdes en bejaardes.

Die definisie van ongeskiktheid kragtens artikel 6B(1) (Wet 22 van 2000) is: "A moderate to severe limitation of any person's ability to function or perform daily activities because of physical, sensory, communication, intellectual or mental impairment, if the limitatation has lasted or has a prognosis of lasting more than a year and is diagnosed by a duly registered medical practitioner in accordance with the criteria prescribed by the commission."

Die oprigter, begunstigdes, trustees of kinders kan dadelik, ná registrasie van die trust, maar selfs ook voor registrasie as 'n spesiale trust by die SAID, begin om skenkings en rentevrye lenings aan die trust te maak om sodoende bates in die trust te kry.

## BELASTINGVOORDELE

Spesiale trusts word as individu belas teen glyskale vergeleke 'n vaste tarief van 45% wat vir trusts in die algemeen geld. Skenkings aan spesiale trusts is ook vrygestel van skenkingsbelasting, asook die renteverpligting van artikel 7(c) van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) in hierdie geval.

Iemand kan dus 'n skenking maak aan die trust en sy/haar boedel daardeur verklein en terselfdertyd enige kapitaal wat oorbly, bewaar vir opvolgende begunstigdes.

Kinders kan ook lewenspolisse aan só 'n trust begunstig wat weer die trustbates vir komende geslagte kan laat bewaar en Jan Taks se hande daarvan afhou. Boedelbelasting is nie vir 'n tweede keer betaalbaar nie.

Die gebruik van spesiale trusts is net so voordelig indien daar 'n gestremde persoon in 'n gesin is. Dieselfde roete kan dan gevolg word. Die belangrikheid van 'n spesiale trust vir veral gestremde persone word beklemtoon wanneer die versorgende gesin van só 'n persoon bejaard word of sterf. Elke familie met die vermoë behoort hierdie stap te oorweeg as deel van hul eie, maar veral die ouers se versorgingsplan.

Spesiale trusts is 'n gespesialiseerde gebied van boedel- en fidusiêre beplanning en behoort deur kundiges behartig te word. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is 'n lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.